# DIE WOESTE LAEVELD REEKS

## VONNIS VAN DIE BERGE - NO 3

DEUR DEWALD BRINK EN BRAAM LE ROUX



# VONNIS VAN DIE BERGE

*deur*

**DEWALD BRINK en BRAAM LE ROUX**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2020

# Vonnis van die Berge

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1950's se uitgawe.
Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

VONNIS VAN DIE BERGE
deur Dewald Brink en Braam Le Roux

ISBN 978-1-928498-65-0

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2020)
Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

In die woeste avonturiersdorp van Barberton, reik die landdros ’n lasbrief uit vir die arrestasie van Johan Grimbeek, op aanklag van moord en roof. Sake lyk baie donker teen Grimbeek, maar die noodlot bewerk dit so dat as hy ’n sekere perd in die hande kan kry, ’n perd wat wild in die berge groot geword het, hy sy onskuld sal kan bewys. Hy vlug voor die landdros se manne uit en gaan die berge binne, om die perd te probeer vang. Dit is ’n prag van ’n dier en ratser as ’n wildsbok...
Maar voordat Grimbeek na die berge toe gaan, word hy op gesoek deur ’n meisie. Sy weet dat Grimbeek nog al die tyd soek na ’n spesifieke man, ’n skurk en moordenaar, met wie hy reeds twee maal in bloedige botsings betrokke was. Sy wil hom gaan help om hierdie man, Mario Perreira, op te spoor en wraak te neem.
Met trane in haar oë en hartstogtelike woorde op haar lippe, soebat sy hom om haar saam te neem wanneer hy in die berge in ry, want sy het net een groot begeerte en dit is om hom te help en saam met hom wraak te gaan neem.
Johan Grimbeek laat haar toe om saam te gaan, en baie dae en nagte bring hulle saam in mekaar se geselskap deur. In die tyd beleef hulle baie asemrowende avonture saam. Wanneer hy siek word, verpleeg sy hom, en wanneer sy lewe in gevaar is, help sy hom veg. Die landdros se manne is later kort op sy hakke, terwyl Mario Perreira weer voor hom in die berge is, besig met

sy duiwelse planne om hom vas te trek... En intussen moet hy nog daardie ongelooflike ratse, wilde perd vang...

# UITTREKSEL

Daar kom egter geen antwoord nie. Opeens hoor sy ’n geritsel bokant haar by ’n hoop rotsblokke wat ruig met struike toegegroei is. Sy deins terug. Sy sien Johan op sy perd. ’n Vreugde spring in haar op. Sy wuif, maar terselfdertyd knal daar ’n skoot uit die rigting van die landdros se tiental. Combrink het geskiet. Hy het die gestalte die eerste keer gesien. Johan verdwyn egter die volgende oomblik. Hermien bars tussen die bosse uit, om die groot rotsplaat. Sy is net betyds om Vonk met Johan op sy rug ’n gevaarlike steilte na ’n diep kloof toe te sien afdaal.

Sy hoor die aanstormende perdepote agter haar.

“Johan, asseblief, moenie vlug nie. Ek het gekom om jou te help!” Johan hoor blykbaar nie wat sy sê nie.

“Johan, in hemelsnaam, kom terug!” skree sy luid.

Grimbeek wuif haar met sy hoed toe en verdwyn tussen ’n klomp struikgewas en doringbome. Die koeël, die tweede een uit Combrink se rewolwer trek skadeloos ver van Johan af.

# INHOUD

**Hoofstuk**

Hoofstuk 1

Hoofstuk 2

Hoofstuk 3

Hoofstuk 4

Hoofstuk 5

Hoofstuk 6

Hoofstuk 7

Hoofstuk 8

Hoofstuk 9

Hoofstuk 10

Hoofstuk 11

Hoofstuk 12

Hoofstuk 13

Hoofstuk 14

Hoofstuk 15

Hoofstuk 16

Hoofstuk 17

# 3. VONNIS VAN DIE BERGE

## Hoofstuk 1

Toe sy van die kar af klim en haar lang, deftige rok effens moet oplig om die trap by te kom, is daar een of twee saans op die hotel se stoep en die sypaadjie wat haastig wegkyk, want hulle weet dit is onbehoorlik vir ’n man om meer as ’n duim of wat van ’n dame se enkel te sien. Maar ’n paar ongeskiktes draai eintlik hulle nekke om na die buitengewoon aantreklike meisie te staar.

Die skamerige manne is drie kêrels van wie twee ruie baar de dra. Hulle staan eenkant en gesels. Die ander twee wat daar netjieser uitsien, staan ’n end van hulle af by ’n stoep pilaar.

“Nou toe nou! Watter man kan kalm bly,” is die kommentaar van een van die astrant starendes. Die ander een lag gedemp oor sy maat se aanmerking, asof hy meen dat dit darem bietjie verregaande is om so hard te praat, want die meisie wat van die kar afgeklim het en op die punt is om die hotel binne te gaan, is klaarblyklik ’n ordentlike dame wat aanstoot sal neem as sy hulle moet hoor. Sy het glimmende rooi-bruin hare onder ’n klein, amper verspotte hoedjie, en haar lenige, gespierde maar beweeglike vroulike liggaam is in ’n baie netjiese rok gekleed.

Die twee kêrels wat hulle bebaarde gesigte vinnig weggedraai en gemaak het of hulle niks raaksien nie, gluur die astrante kêrel aan wat dit durf waag het om so brutaal te wees om ’n aanmerking oor die dame te maak

wat sy kon gehoor het. Hulle is nog nie gewoond aan die nuwe toestande hier nie, want hulle was maande lank weg in die wildernis. Net die vorige jaar nog 1884 was ’n vrou amper ’n onbekende wese in hierdie geweste. Alleen mans en ook net van die gehardste tipes, het dit gewaag om deur die berge hierheen te dring.

As hulle met trekbeeste gekom het agter die malse weiveld van die Laeveld aan, moes hulle die beeste feitlik dag en nag bewaak teen ongediertes en ander rowers. Gevolglik was daar geen plek en tyd vir vroue nie. En nog minder as hulle agter goud aan was en noodgedwonge moes meng met avonturiers uit die woeste dele van die wêreld.

Daardie meisie stap met die stoeptrappies op. Daar is ’n effense skamerige trek op haar gesig weens die starende mans oë. ’n Oomblik lyk dit of sy aarselend is, maar toe gaan sy by die voordeur in.

’n Jong man met ’n rewolwer aan die sy, het netnou vorentoe gesnel toe sy van die kar wou afklim en aangebied om haar te help met haar bagasie. Hy het sy hand sommer galant uitgesteek om haar van die kar af te help, maar sy het kort-af gesê. “Nee dankie.”

Hy stap nou na die ander twee kêrels toe.

“Ek ken haar,” kom dit verleërig maar met ’n soort trots in sy stem toe hy by die ander kom.

“Maar sy het jou darem lelik uit die hoogte behandel!” is die aanmerking van ’n netjies geklede middeljarige man wat listig aan ’n pyp suig.

“Die arme meisiekind is deesdae soms so afgetrokke en

kortaf," verduidelik hy grootmeneeragtig. "Ek ken haar van Moordfontein af. Haar kêrel, ene Robert Viljee, aan wie sy verloof was, is onlangs in 'n bakleiery daar in die hartjie van Niemandsland doodgeskiet."

"Aha," laat die kortgeboude buksie onverskillig hoor, "dan kan 'n mens weer aanlê daar, of hoe?"

Magda du Preez gaan die hotel binne. Sy verneem by 'n naturelle bediende wat deur die gang stap, waar sy die eienaar kan spreek. Die swarte sê sy moet 'n rukkie wag en hy gaan die hotelbaas roep. Dit is 'n gesette, rondegesig-uitlander van welke nasionaliteit kan Magda nie dadelik bepaal nie. Hy lyk verras om so 'n klaarblyklik ordentlike Afrikaanse meisie voor hom te sien wat vir haarself plek in die hotel wil bespreek. Dit is geen gewone verskynsel om 'n ordentlike meisie van hierdie tipe alleen by 'n hotel in hierdie dele te sien nie. En hy wonder 'n ruk lank wat die rede daarvoor kan wees. Hy skryf dit egter uiteindelik daaraan toe dat sy aanmekaar geflanste pondok van 'n hotel in die jongste verlede 'n aansienlike verbetering ondergaan het.

"Ja, ja, seker, Mejuffrou," sê hy. "Kom dan hiernatoe, asseblief."

Dinge begin werklik beter word hier in Colts Creek, dink hy in sy enigheid toe hy aanstap na een van die vier kamers in die nuutgeboude boonste-verdieping van die klip-en-hout en-sink-hotel. Ses maande gelede sou weinige ordentlike vroue, selfs indien hulle van hulle mans vergesel was, ooit daaraan gedink het om 'n kamer hier te neem, maar deesdae kom hier selfs af en toe 'n

belangrike persoon wat geldbelange in die buiteland verteenwoordig, ’n dag of twee bly. Verlede maand het selfs ’n “Sir” uit Engeland saam met sy geselskap ’n maaltyd hier genuttig en laat in die middag ’n ruk in die kroeg-sitkamer gaan vertoef waarskynlik meer uit nuuskierigheid as iets anders, maar tog.
Die boonste nuwe slaapkamers hou hy net vir ryk besoekers van hierdie aard, maar vir ’n mooi meisie soos hierdie...
Hy staan meteens stil en kyk skerp en agterdogtig na Magda du Preez. Sou sy nie dalk een van daardie “ander soort” vroue wees van wie ’n hele paar in die laaste tyd hier aan gekom het nie? Hulle is wel “goeie besigheid” omdat hulle die mans hierheen laat kom, maar mens gee nou nie juis jou beste kamers aan hulle af nie.
Hy kom egter gou weer tot die oortuiging dat hierdie meisie beslis nie een van daardie soort is nie, en met ’n vriendelike glimlaggie stap hy voort.
’n Rukkie later nadat Magda die bagasie laat afhaal en die kar na die agterplaas van die hotel laat neem het, sluit sy die deur van die hotelkamer toe en gaan sit met ’n sug op die bed. Sy is bly dat sy eindelik hier is... maar sy voel nou meteens so ontsettend alleen en verlate. Sy staan op en kyk by die klein, vierkantige venstertjie uit na die stowwerige onaantreklike pioniersdorpie en die mooi berge daaragter. Toe gaan sy weer op die bed sit en meteens val sy vooroor op die kussing en bars in snikke uit. Die snikke skeur uit haar bors en ruk haar liggaam.
Sy neem die kussing in haar hande en druk dit styf teen

haar gesig aan asof om haarself te belet om aan te gaan met die huilery. Sy smoor haar eie snikke en na ’n ruk kom sy tot bedaring. Toe staan sy op, gooi water uit die lampetbeker in die skottel in en was haar gesig. Dit laat haar heelwat beter voel en toe sy die gordyntjie voor die venster toetrek en ’n ander rok begin aantrek, is daar heeltemal ’n ander, ’n fermer en meer vasberade houding by haar te bespeur.

Sy trek die gordyntjie weer oop en voor die spieëltjie gaan sy haar hare reg druk. In haar blou oë flits ’n oomblik ’n onversetlike voorneme en daar is amper ’n trek van sinisme om haar mond. Sy het hierheen gekom met ’n doel en sy gaan nie terugdeins daarvoor nie al kos dit haar ook wat om dit te bereik. Netnou gaan sy hier afstap en wat die bestuurder of ander mense ook al dink, sy gaan in die openbare sitkamer van die hotel sit en by die vroue daar selfs by mans as dit nodig is navraag doen en inligting inwin. Sy weet dat so ’n openbare sitkamer geen plek vir ’n gewone vrou is nie, veral nie as sy alleen is nie, maar sy gaan eenvoudig nie toe laat dat daardie gedagte haar afskrik van die koers wat sy ingeslaan het nie.

Toe sy ’n rukkie later met die krakende trappe afstap, is daardie kille vasberadenheid nog in haar oë te lees. Sy is nie nou so deftig gekleed as toe sy hier aangekom het nie, want sy wou opsetlik ’n goeie indruk op die bestuurder maak omdat sy gehoor het dat die hotelle soms weier om enkellopende meisies en vroue in te neem indien hulle nie aan hom bekend is as van

onbesproke karakter nie.
Hierdie sitkamer is juis een van die aantreklikste nuwighede wat die Hotel Royal tans die bobaas hotel van Colts Creek gemaak het. Dit is ingerig volgens die jongste Amerikaanse metode, met ’n lang boog van ’n kroegtoonbank aan die eenkant. In die verste hoek is ’n klein verhogie aangebring vir ’n konsertina-orkes wat een maal per week van Barberton af oorkom. Tafeltjies en stoele staan oral op die groot vloer rond. Kleurlingbediendes stap tussen die gaste rond en bedien hulle van sterk drank of van koffie of wat ook al.
Magda du Preez het hierheen gekom met die doel om in ligting in te win oor waar Mario Perreira hom deesdae bevind. Sy het verneem dat sommige van die manne met wie hy saamwerk, dikwels hier op Colts Creek gesien word en hoewel sy nog nie iemand teengekom het wat vir Perreira self hier gesien het nie, het daardie inligting haar laat besluit dat dit die beste plek is om na hom te kom soek. In Magda se hart brand net een begeerte, sy wil sekere vrae aan Mario Perreira stel, sekere inligting omtrent haarself en haar verlede by hom kry, en daarna wil sy baie naby aan hom kom dit maak nie saak onder watter voorwendsel nie en dan sal sy die lang skerp mes wat sy in haar boesem versteek sal hou, uitpluk en dit herhaalde male in sy liggaam in stamp.
Sy dink aan hierdie koue wraaklus in haar hart toe sy die sitkamer binnestap. Sy onthou nog die dag toe die tyding haar bereik het dat Robert Viljee, haar verloofde, soos ’n hond in die veld doodgeskiet is. Die man wat dit gedoen

het, het spoorloos verdwyn en daar is ’n storie versprei dat Robert Viljee die man in die veld ontmoet en ’n woordewisseling met hom gehad het wat tot ’n skietery gelei het. Robert se rewolwer was in sy hand toe hulle hom gekry het, en twee plekke in die silindermagasyn het leë doppe ingehad. Daar van is afgelei dat hy in ’n geveg gesterf het. Magda glo egter vir geen oomblik dat dit die geval is nie. Daardie koeëls is afgevuur deur die moordenaar juis met die doel om so ’n indruk te laat ontstaan.
Magda weet dat hy doodgeskiet is in opdrag van daardie geheimsinnige tiran wat vroeër bekend was as die Masker van Niemandsland.
Magda vertoef in die middel van die sitkamer. Daar is taamlik baie mense in die plek en baie oë volg haar die wellus oë van mans wat die soepele bewegings van haar liggaam gadeslaan, en kritiese oë van vroue. Sy hoor meesal uitlandse tale en sy kom agter dat dit maar ’n lae, goedkoop geselskap is. Sy is verbaas dat sy haar so goed aanpas by die omgewing want sy stap skynbaar sonder selfbewustheid na ’n tafeltjie in die hoek.
’n Engelssprekende kelner kom na haar toe aangehaas en sy bestel ’n glas lemmetjiesap. Sy drink dit stadig weg onderwyl sy die mense verder deurkyk. By ’n tafeltjie naby haar is drie mans in geselskap van ’n flerrieagtige, goedkoop uitlandse meisie. Een van die manne speel ghitaar en die ander een vat die meisie om die middel en begin op die vloer met haar ronddans. ’n Kelner bring ’n skinkbord met ’n yslike beker bier vir elke man en ’n